Laerskool KENRIDGE Primary School

Van Riebeecklaan / Van Riebeeck Avenue, KENRIDGE, 7550 | Tel: 021 976 3046/7 | Fax/Faks: 021 975 1312
www.kenridgeprimary.co.za
Every child *Every chance* Every day | *Elke kind* Elke kans *Elke dag* | Wonke umntwana *Lonke ixesha* Yonke imihla

23 Oktober 2023

Geagte Ouers

SKRYFBEHOEFTE-PAKKETTE VIR 2024: Graad 2 tot Graad 7

Vanaf 1 November 2023, kan 2024 se Terug-skool-toe skryfbehoeftes **direk** by ons grootmaat skryfbehoefteverskaffer, **Spectra Stationers** in Glengarry Inkopiesentrum, aangekoop word. Let wel: Dit is nie verpligtend om u skryfbehoeftes by Spectra Stationers aan te koop nie.

Esmé Eksteen en haar vriendelike personeel sien uit daarna om elkeen te verwelkom en te help met die aankoop van elke leerder se skryfbehoeftes, soos aangedui op die aangehegde bestelvorm. Neem gerus hierdie voltooide bestelvorm saam wanneer u Spectra besoek.

Spectra Stationers se adres en winkelure word op hierdie omslag aangedui, asook al die spesiale aanbiedinge, gratis produkte en geskenkbewyse wat beskikbaar is.

Ouers is welkom om Esmé te kontak op 083 703 3059 vir enige verdere navrae in verband met die skryfbehoeftes.

Afgesien van die skryfbehoeftelys in hierdie lêer, sal geen addisionele harde kopieë beskikbaar wees nie. Dit sal wel op School Communicator (Skryfbehoeftes 2024) en op die webwerf van die toepaslike grade se webblaaie, geplaas word.

Die uwe

S. R. Smith (Mev.)
Skoolhoof